Vaalpark NG Kerk – Geloofsfamilie

# Gebedsbulletin
## No. 25 van 2023
## 18 June 2023

Deon Serfontein Sel No.: +27 83-288-7555

# Speel daardie twee geloofkaarte reg

Jy moet die hand speel wat vir jou uitgedeel is. So lui die spreekwoord. Dit behels dat jy moet weet watter kaarte is in jou hand is en wat die beste opsies daarmee is. Jou eerste speelkaart is dat jy 'n voltydse geseënde kind van God is. Dalk het jy hierdie wenkaart laat val, omdat jy afgeleer het om jou oog op Sy voltydse goedheid te hou. Staak dit. Moenie net fokus op alles, wat skeefloop nie. Psalm 37 sê jy moenie jou kop breek oor al wat 'n skelm is nie. Woon en werk rustig voort. Vind jou vreugde in die Here. Hy sal op Sy eie maniere vir jou sorg. Hy sal jou hart vul met al die regte hemelse skatte.

Die tweede speelkaart in jou hand is dat jy 'n lewende seën van een is. Jy maak ander se lewens ryker en voller deur jou gebede, jou omgee, jou hier wees. Jy beliggaam hoop daar waar jy loop. Jy bring vrede, die Here se soort. Jy is deel van die Here se antwoord op jou eie en op ander se gebede. Jy maak 'n lewende verskil van een. Speel en leef hierdie twee geloofkaarte elke dag. Dan leef jy reg.

*deur Stephan Joubert*

## Gemeente – Algemeen

-Dank GOD vir Radiokansel & al die ander radiostasies wat SY Naam groot maak
-Bid vir Vaalpark gemeente se werksaamhede en elkeen wat ook leiding neem in die gemeente
-Bid vir die eredienste; ons lidmate; Onbeperk en ons predikante

## Voorbidding vir lidmate

Lottie Conradie
Marinda Jordaan
Ria Putter
Maria Steyn
Sampie Swart
Annika Kilian
Monty Pienaar
Ina van der Merwe
Jaco Steenkamp
Stefaans du Plessis
Oom Cedric Wiegand
Leonie Kruger
Petrus Venter
Sumari Pretorius
Heleen Lamont
Benny Janssen
Jillian Jansen
Tannie Martie de Beer
Piet Venter




***Byvoorbaat baie dankie vir jou dankoffer . . .***
**ABSA Sasolburg; Tjek Rekening**
**Rekno.: 0520580654**
**Takkode: 632005**

## Dank Gebede

-Dankie HERE vir elke nuwe dag wat U my skenk


-Dankie dat U, U **ENIGSTE SEUN** gestuur het om vir my aan die houtkruis te sterf

-Dankie HERE dat ek kan sit, opstaan, loop, lag, ruik, hoor, proe & omgee & dankie HERE dat U altyd saam met my die pad loop!

-Dankie my GOD vir elke gebed wat gebid word & vir elke gebed wat U verhoor. Dankie dat U ons hand nooit sal los nie.

- Dankie vir U ***wondergroot genade***...

- HERE, ek het U lief! AMEN




### *Gedagte vir die week*

